Geroep deur lemand - nie net tot iets nie



Pierre Goosen

Roeping 'n staalband

Daar is die Griekse verhaal van Odusseus wat, gelok deur avonture, die wêreld deurkruis het. Op een van sy reise ter see, het hy en sy bemanning naby die eiland van die verleidsters verby gevaar. Odusseus het geweet dat die verleidsters met hulle wonderlike mooi sang die matrose so betower het dat hulle hulle bote teen die rotse te pletter laat loop het. Gedagtig hieraan, maar omdat hyself hierdie verruklike sang wou hoor, laat hy toe sy hele bemanning se ore met was toestop. Wat homself betref, beveel hy die bemanning om hom aan die maspaal vas te bind. Al sou hy watter gebare ook al maak, moes hulle hom eerder vaster bind as losser maak.

Petersen, in *Working the Angles*, gebruik hierdie beeld om te sê dat wanneer 'n predikant 'n beroep na 'n gemeente aanneem, hy of sy die gemeente vra om hom of haar op dieselfde manier aan die kerk en bediening vas te bind. Die gemeente moet die predikant help om getrou te bly aan sy of haar beloftes.

Met die roepings-retraite wil ons selfs nog 'n trappie verder gaan. Ons sê dat ons roeping die "tou" moet wees wat ons vasbind aan die kerk, ons bediening en ons verhouding met ons Here. Jenkins, in *Transformational Ministry,* vra die vraag: "Is there a steel ribbon running through me?" Daarmee bedoel hy: "Weet ek wie ek is en waar ek vandaan kom, waarheen ek op pad is en wat ek glo?" Hy gebruik juis die beeld van 'n staalband, want staal is tegelyk soepel én sterk.

Só, kan ons sê, is roeping daardie iets – soms 'n krag, soms 'n anker, soms 'n wete – wat ons soepel en sterk genoeg maak om die veranderings, verwagtings en versoekings van en in die bediening te hanteer.

Roeping en verandering

Verandering, en sommer baie en vinnig, is aan die orde van die dag. Daar is nie 'n enkele aspek van die lewe wat nie aan verandering onderwerp is nie – ook nie die kerk nie, nie gemeentes nie, nie die bediening nie en nie die bedienaars nie.

Verandering veroorsaak 'n gevoel van onsekerheid. Onsekerheid gee dikwels aanleiding tot 'n teruggryp na ou (uitgediende) gewoontes en 'n soektog na mag, want mag laat 'n mens in beheer voel. Om in beheer te wees, beteken ek moet alles weet. Die finale sê berus by my. Ek moet die outoriteit oor alles wees.

Sommige predikante bring hierdie ding oor hulleself, maar dikwels is dit die gemeente (kerkraad) wat hieraan meedoen. Die kerkraad verwag van die dominee om 'n dominante leier ("dominant leader") te wees, in stede van 'n betekenisvolle leier ("significant leader" – iemand wat vanuit sy of haar roeping leef en bereid is om na die wil van ons Here te luister).

In 'n tyd van verandering, is die siening van dominante leierskap dodelik. Dit is net nie moontlik nie. Predikante wat daarmee volhou, staan die gevaar om die gemeente teologies te verarm en om hulleself kandidate vir uitbranding te maak.

Die roepings-retraites wat Communitas aanbied, gee predikante die geleentheid om weer te ontdek wie hulle is, hoe hulle funksioneer en hoe die konteks lyk waarbinne hulle hulle bevind. Dit gee hulle weer die geleentheid om te hoop en die vreugde van 'n afhanklike lewe voor God te beleef.

Roeping en verwagting

In 'n wêreld wat deur verandering gekenmerk word, is dit begryplik dat die verwagtinge van die predi-

kant en die bediening ál meer en ál moeiliker word – tot die punt van ondraaglikheid en onmoontlikheid toe.

Ironies genoeg is ons as predikante dikwels self hieraan aandadig. Ons kyk na ons vriende en tydgenote in ander professies, sien hulle vordering (en salarisse!), en dan voel ons onbekwaam. Om te kan meeding, onderneem ons studies in allerhande ondersteuningswetenskappe. Nie dat daar enige fout is met wyer kennis nie, maar as die motivering verkeerd is en die amp geprofessionaliseer word, gaan die gevaarligte aan. Die gevaar is dan dat roeping moet plek maak vir 'n werk wat ek moet doen. Die amp word 'n "job". Dan behels predikantskap 'n klompie take wat "goed" gedoen moet word (tot bevrediging van 'n kommissie). God word geobjektiveer en gereserveer. In die proses verloor almal die vreugde om verwonderd voor en met God te leef.

'n Roepingsgedrewe lewe en bediening is op God ingestel. Wanneer ek in die oggend wakker word, staan ek op met die verwagting dat God hom in hierdie dag aan my gaan openbaar. Dit nooi my uit om oop, kinderlik, biddend my dagtaak met oorgawe te verrig, in dié wete dat ek in God se direkte teenwoordigheid is.

Roeping en versoeking

Die gevaar van 'n versoeking is dat dit so goed en reg kan lyk. Dikwels is op die oog af niks afstootliks of verkeerds met 'n versoeking nie.

Sou Jesus in die woestyn (Luk 4) al die klippe in brood verander het, sou dit tog 'n baie goeie ding gewees het – kos vir almal? Geen hongersnood of hongerdood meer nie?!

So relevant dit ook al kan wees, doen Hy dit nie. Dit is nie waartoe Hy geroep is nie. Hy was nie geroep om te heers nie, selfs nie om tussen die invloedrykes en besluitnemers gesien te word nie. Sy roeping was om gestoot en gestamp en getrek te word – tot op Golgota en anderkant die dood uit!

Die gebeure in die woestyn is 'n goeie illustrasie van wat 'n versoeking is. Dit kan iets goeds wees. Dit kan iets wees wat regtig 'n verskil in die lewe en aan baie mense kan maak, iets wat deur almal aangeprys word en die verbeelding aangryp – maar iets wat net nie klop met dit waartoe jy *eintlik* geroep is nie.

Die versoeking is soms nog méér subtiel: Jy kan dink jy is *tot iets* geroep, terwyl jy eintlik *deur lemand* geroep is.

Die *tot iets*, die dinge, die doen, die werk, raak eers werklik betekenisvol wanneer dit 'n uitvloeisel van my verhouding met die Here word. Dit vra van ons om die moeilike pad te loop van eers luister, en daarna doen. Dit vra van ons om alle mag en posisie weg te gee, en dán eers ons plek vol te staan.

Soos gesê, is dit nie so maklik nie. Nie net omdat ons dink ons die veiligste voel in ons eie koninkryke nie, maar ook omdat ons deur die samelewing en gemeentes (kerkrade) gedruk en gelok word om bekwaam, te wees, eerder as broos.

Roeping en fokus

Paul Scazzero in *Emotionally Healthy Spirituality,* sê dat ons 'n lewensroede ("*rule of life")* nodig het om ons lewe te rig. Die Griekse woord vir "roede" het die betekenis van 'n traliewerk – dié soort wat gebruik word om plante of vrugte teen te groei. So 'n traliewerk, stel hy voor, is 'n bewustelik-gerigte plan om God die middelpunt van my lewe te maak. Dit is riglyne en geestelike gewoontes wat my help om God in alles te onthou. Die beginpunt daarvan is die begeerte om by God te wees en Hom lief te hê.

By die roepings-retraite oefen ons om hierdie fokus terug te kry. Dit help ons om weer 'n keer na God te luister, *myself* te ontdek en na die *lewe* en *konteks* te luister. Waar hierdie drie sirkels sny – self, lewe en konteks – vind ek weer my roepingsfokus vir die hede.

Die retraites help ons om te onderskei wat roeping is, wat die rolle is wat daaruit voortvloei en wat die take is wat die rolle en roeping grond toe bring. Dit help ons om 'n roepingontwikkelingsplan op te stel, sodat ons volhoubare, roepingsgerigte bedienings kan hê.

Een predikant sê: *"Dit is jammer dat die kerkraad nie saam met my hierdie retraite meegemaak het nie. Dit sou 'n groter begrip vir mekaar en vir predikantwees gegee het."*

Sê 'n ander: *"Ek het toegelaat dat ek meegesleur word deur die klem op* performance. *Ek het nog meer planne gemaak en nog besiger geword en by tye vergeet dat die Here my geroep het om Hom lief te hê".*

● ***Pierre Goosen*** *– Pierre, voormalige hospitaalleraar in die noordelike gebiede van Kaapstad, is deesdae projekbestuurder van die* Netwerk vir Leierskapsbegeleiding *by* Communitas.

'Die gevaar van 'n versoeking is dat dit so goed en reg kan lyk.'